



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**EKONOMIE V1**

**2017**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.**

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- 1.1.1 C - buitelandse ✓✓
- 1.1.2 A - sake- ✓✓
- 1.1.3 B - deregulering ✓✓
- 1.1.4 B - ruilvoet ✓✓
- 1.1.5 A - onderwys ✓✓
- 1.1.6 B - groei ✓✓
- 1.1.7 C - Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika ('AsgiSA'/VGGI-SA'/VGGI-SA)✓✓
- 1.1.8 C - Nywerheidsontwikkelingsones (NOS) ✓✓ (8 x 2) (16)

**1.2 PASITEMS**

- 1.2.1 G – eienaars van die produksiefaktore ✓
- 1.2.2 C – oordrag van eienaarskap van die privaat sektor na die openbare sektor ✓
- 1.2.3 I - daling in die waarde van die rand ten opsigte van die pond as gevolg van markkragte ✓
- 1.2.4 A - boete of straf wat deur een land op 'n ander land gelê word vir een of ander oortreding ✓
- 1.2.5 F - nuwe wetenskaplike kennis in die vorm van uitvindings en vernuwings ✓
- 1.2.6 D – bestaan uit sakeondernemings wat dieselfde soorte produkte produseer ✓
- 1.2.7 H - uitgedruk deur die reële BBP per capita, lewensverwagting en vlak van geletterdheid ✓
- 1.2.8 E - verhouding tussen uitset in die ekonomie geproduseer in die en die inset gebruik om dit te produseer ✓ (8 x 1) (8)

**1.3 GEE EEN TERM**

- 1.3.1 Staatsbeheerde ondernemings/parastatale/publieke ondernemings✓
- 1.3.2 Monetêre beleid ✓
- 1.3.3 Wisselkoers ✓
- 1.3.4 Verstedeliking ✓
- 1.3.5 Ekonomies bedrywige bevolking/ekonomies aktiewe bevolking ✓
- 1.3.6 Globalisering ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**

- 2.1      2.1.1      **Noem TWEE lekkasies uit die ekonomiese kringloop.**
- Besparings (S) ✓
  - Invoere (M) ✓
  - Belasting (T) ✓
- (2 x 1)      (2)
- 2.1.2      **Watter voordeel sal die owerheid trek uit die verkoop van nuwsgewende ondernemings in staatsbesit?**
- Inkomste word deur verkope gegenerer ✓✓
  - Staatsinkome sal deur belasting verhoog ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)      (1 x 2)      (2)
- 2.2      **DATARESPONS**
- 2.2.1      **Noem die metode wat gebruik is om die BBP in die tabel hierbo te bereken.**
- Inkomem metode / BBP (I) ✓✓      (1 x 2)      (2)
- 2.2.2      **Beskryf kortliks die term *bruto binnelandse produk*.**
- Waarde van alle finale goedere en dienste ✓ geproduseer binne die grense van 'n land ✓ vir 'n sekere tydperk  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)      (2)
- 2.2.3      **Wat is die vernaamste doelwit van subsidies op produksie?**
- Om produksiekoste te verlaag / om produksie vir uitvoer aan te moedig / subsidies sal verbruiker bevoordeel / verhoog produksie op sekere goedere ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)      Enige (1 x 2)      (2)
- 2.2.4      **Bereken vastekapitaalverbruik as 'n persentasie van die BBP teen faktorkoste. Toon ALLE berekeninge.**
- $560\,397 \checkmark / 3\,518\,318 \checkmark \times 100 \checkmark$   
= 15.93% ✓ OF 16% ✓  
(Ken 2 punte toe, as slegs die antwoord gegee word)      (4)

2.3 **DATARESPONS**2.3.1 **Identifiseer EEN vorm van indirekte belasting in die inligting hierbo.**

- Brandstofheffings ✓
- Aksynsregte ✓
- Doeanebelasting ✓
- BTW ✓

(1)

2.3.2 **Watter tipe belasting sal die grootste bydrae tot die staatsinkome in 2016/17 finansiële jaar lewer?**

Persoonlike inkomstebelasting/LBS ✓

(1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *begroting*.**

'n Dokument wat die verwagte inkomste en beraamde besteding toon ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

2.3.4 **Gee EEN rede hoekom die regering belasting (aksynsregte) op nie-merietegoedere gedurende die 2016/17 finansiële jaar verhoog het.**

- Ontmoedig die verbruiker om produkte te koop of te verbruik ✓✓
- Ontmoedig produsente om produkte te produseer ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

2.3.5 **Hoe sal 'n styging in maatskappybelasting ekonomiese groei negatief beïnvloed?**

'n Styging in korporatiewe inkomstebelasting sal:

- die bedrag wat maatskappye terugploeg as investering in die besigheid verlaag, want uitbreiding sal beperk word en werkseleenthede sal verminder ✓✓
- die bedrag geld wat maatskappye gebruik om meer doeltreffend te raak en groei laat daal, verminder ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2 x 2)

(4)

## 2.4 Verduidelik *natuurlike hulpbronne* en *spesialisasie* as oorsake van internasionale handel.

### Natuurlike hulpbronne

- Natuurlike hulpbronne is oneweredig in die wêreld versprei ✓✓
- Dit verskil van land tot land en kan slegs ontgin word in plekke waar hierdie hulpbronne voorkom ✓✓
- Bv. Suid-Afrika is ryk aan ystererts, goud, steenkool en platinum terwyl China glad nie oor hierdie hulpbronne beskik nie en dit vanaf Suid-Afrika invoer ✓✓  
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (Maks 4)

### Spesialisasie

- Die produksie van sekere goedere en dienste laat lande toe om dit teen 'n laer koste as ander lande te produseer ✓✓
- Dit lei tot massaproduksie wat koste verlaag ✓✓
- Bv. Japan produseer elektroniese goedere en verkoop dit teen 'n laer prys ✓  
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 4) (8)

## 2.5 'n Internasionale maatskappy belê R5 miljoen in 'n sakeonderneming in Suid-Afrika. As die marginale spaargeneigdheid (MSG) 0,6 is, bereken die vermenigvuldiger-effek van hierdie belegging op ons ekonomie. Toon ALLE berekeninge.

Berekening van die vermenigvuldiger (M):

$$\begin{aligned} M &= 1/\text{msg} \checkmark \\ &= 1 / 0,6 \checkmark \\ &= \underline{1,67} \checkmark \checkmark \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \text{OF} \quad M &= 1/1 - \text{msg} \\ &= 1/1 - 0,4 \\ &= \underline{1,67} \checkmark \checkmark \end{aligned} \quad (\text{Maks 4})$$

Investering is R5 miljoen, dus sal die vermenigvuldiger effek (voordeel vir die ekonomie) soos volg wees:

$$\begin{aligned} &R5\text{m} \times 1,67 \checkmark \checkmark \\ &= \underline{R8,35 \text{ miljoen}} \checkmark \checkmark \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \text{OF} \quad &\underline{\text{Investering}} \checkmark \\ &\text{msg} \\ &= \underline{5\,000\,000} \checkmark \\ &\quad 0,6 \\ &= R8.33 \text{ m} \checkmark \checkmark \end{aligned} \quad (\text{Maks.4})$$

(8)  
[40]

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**

- 3.1 3.1.1 **Noem TWEE aanwysers wat met produksie verband hou.**
- Nominale BBP / BBP @ markprys / BBP @ huidige pryse ✓
  - Reële BBP / BBP teen konstante pryse ✓
  - Reële BBP per capita ✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)
- 3.1.2 **Hoekom fokus die Suid-Afrikaanse regering op klein sakeondernemings om ekonomiese groei te bevorder?**
- Die lande se indiensneming sal styg / produksie sal styg / mededingingsvlakke sal styg ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)
- 3.2 **DATARESPONS**
- 3.2.1 **Watter handelsooreenkoms het ontwikkelende lande gunstige uitvoergeleenthede gegee?**
- Wet op Groei en Geleenthede in Afrika ('AGOA') ✓ (1)
- 3.2.2 **Identifiseer, in die inligting hierbo, hoe tegnologie vir die bekamping van armoede gebruik kan word**
- Die gebruik van moderne tegnologie het gelei tot 'n meer gelyke handel en vloeï van kapitaal / bevorder produksie in landbou en vervaardiging ✓ (1)
- 3.2.3 **Beskryf kortliks die uitwerking van aktiwiteite in die Noorde (Noord-Suid-verdeling) op die wêreldomgewing.**
- Omdat hulle hoogs geïndustrialiseer is, produseer hulle groot hoeveelhede kweekhuisgasse ✓✓
  - Dit veroorsaak baie besoedeling ✓✓
  - Put wêreld se hulpbronne uit tot hulle eie voordeel ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)
- 3.2.4 **Na jou mening, hoe kan lande in die Suide die probleem van onderontwikkeling oplos?**
- Probleem van onderontwikkeling kan opgelos word deur:
- verbetering van hulle vaardigheidsvlakke (onderwys) in die produksie van goedere en dienste. ✓✓
  - verbetering van hul beplanning en doeltreffende en effektiewe bestuur van hulpbronne. ✓✓
  - verbetering en verhoging van industrialiseringsplanne om produksie van verskeidenheid goedere en dienste te verbeter. ✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

### 3.3 DATARESPONS

- 3.3.1 **Volgens die uittreksel hierbo, watter sektor het in 2014 die meeste werk geskep?**
- Openbare sektor ✓ (1)
- 3.3.2 **Identifiseer die belangrikste oorsaak van armoede in die uittreksel.**
- Werkloosheid ✓ (1)
- 3.3.3 **Beskryf kortliks die term *werkloosheid*.**
- As individue wat gewillig, gekwalifiseerd en bereid is om te werk, nie daarin slaag om werk in die huidige ekonomiese omstandighede in die land te kry nie ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)
- 3.3.4 **Hoekom word die hoë indiensnemingskoers deur die openbare sektor soms as 'n probleem beskou?**
- Lywige/Oorgrote burokrasie ✓✓
  - Lae produktiwiteit ✓✓
  - Ondoeltreffendheid ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)
- 3.3.5 **Wat kan die privaatsektor doen om indiensneming in Suid-Afrika te verhoog?**
- Indiensneming in Suid-Afrika kan verhoog word deur:
- vervanging van invoere wat die vraag na goedere en dienste van die buiteland sal laat daal en plaaslike produksie sal bevorder ✓✓
  - bevordering van nuwe investering en uitbreiding van bestaande nywerhede ✓✓
  - die vind van nuwe buitelandse markte wat nuwe besigheidsgeleenthede sal skep wanneer kwaliteit produkte kompetender genoeg is ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Maks 4 (2 x 2) (4)

### 3.4 **Bespreek kortliks streeksontwikkeling in Suid-Afrika en gebruik mededingendheid en volhoubaarheid as beste praktyk-kriteria (normkriteria).**

#### Mededingendheid:

- Nywerhede of besighede word gevestig as gevolg van streeksbeleide en behoort kompetierend te wees nie voortgesette finansiële hulp van die regering nodig hê nie ✓✓
- Probleme bestaan rakende vooraf bestaande markstrukture wat nie-mededingende gedrag geopenbaar het – die mededingingsbeleid moet versterk word om uitdagings op hoë vlakke van nywerheidskonsentrasie en anti-mededingende gedrag beter te hanteer ✓✓
- Om in die wêreldmarkte mee te ding en die uitdagings van globalisering die hoof te bied, moet ekonomieë op produk differensiasie en korter produksiesiklusse fokus ✓✓
- Dit het tot 'n groter integrasie tussen besighede, binnelands en internasionaal, gelei met groter klem op produk innovering en kwaliteit – 'n verskeidenheid halfaangepaste produkte deur 'n geskoolde en aanpasbare werksmag ✓✓ (Maks 4)

#### Volhoubaarheid:

- Die streek se kapasiteit moet sy eie ontwikkeling ondersteun ✓✓
  - Die natuurlike hulpbronne en menslike hulpbronne van die streek moet benut word ✓✓
  - Indiensneming en volhoubare ontwikkeling moet bereik word deur toepaslike beplanning, beleide en strategieë ✓✓
- (Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 4) (8)

### 3.5 **Hoe speel die Internasionale Monetêre Fonds en die Verenigde Nasies, as internasionale organisasies, 'n rol in die standaardisering van die aanwysers van lidlande?**

#### **Die IMF standaardiseer aanwysers deur:**

- in sy handleiding te fokus op staatsfinansie-statistieke (SFS) oor boekhouding van openbare finansies ✓✓
- dit slegs te baseer op transaksies wat wel plaasgevind het en nie dit wat na verwagting sal plaasvind nie – kontantvloei ✓✓
- die opstelling van Suid-Afrika se jaarlikse begrotingsoorsig word volgens die SFS- spesifikasies ✓✓ (Maks 4)

#### **Die Verenigde Nasies standaardiseer aanwysers deur:**

- toepassing van die handleiding van ekonomiese aanwysers of datastelsels is die VN se Stelsel van Nasionale Rekeninge (SNR) ✓✓
  - te fokus op produksie, inkome en besteding en hoe om dubbeltelling te voorkom ✓✓
  - die samestelling van data in die Kwartaallikse Bulletin van die Suid-Afrikaanse Reserwebank volgens SNR-spesifikasies ✓✓
- (Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)  
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (Maks 4) (8)

(8)  
[40]



**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**

- 4.1 4.1.1 **Noem TWEE markte wat deel van die ekonomiese kringloop vorm.**
- Faktor / arbeid / hulpbron ✓
  - Goedere / produkte / produksie ✓
  - Finansiële / kapitaal / geld ✓
  - Buitelandse valuta / geldeenheid ✓
- (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (2 x 1) (2)
- 4.1.2 **Wat sou die invloed op ekonomiese ontwikkeling wees indien die bevolking sou toeneem sonder 'n styging in die reële bruto binnelandse produk (BBP)?**
- Lae lewenstandaard/-peil ✓✓  
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (1 x 2) (2)
- 4.2 **DATARESPONS**
- 4.2.1 **Identifiseer TWEE ekonomiese aanwysers in die spotprent hierbo.**
- BBP ✓
  - Inflasiëkoers ✓
  - Wisselkoers ✓
- Enige (2 x 1) (2)
- 4.2.2 **Beskryf kortliks die term *resessie*.**
- Ekonomiese verlangsamings (negatiewe ekonomiese groeikoers) vir meer as twee agtereenvolgende kwartale ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)
- 4.2.3 **Hoe sal die aanvanklike stadiums in 'n ekonomiese afswaai rentekoerse in Suid-Afrika beïnvloed?**
- Rentekoerse sal hoog bly gedurende 'n resessie / rentekoerse sal daal tydens 'n depressie ✓✓ (2)
- 4.2.4 **Wat kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank doen om ekonomiese groei in die land te verhoog?**
- Die SARB kan ekonomiese groei verhoog deur:
- rentekoerse te verlaag (uitbreidende monetêre beleid) ✓✓
  - om kredietskepping te beïnvloed deur krediet goedkoper te maak ✓✓
  - stabilisering van die wisselkoers om die invloed van fondse aan te moedig ✓✓
  - aanmoediging van opemarktransaksies deur die aankoop van sekuriteite wat geld laat terugvloei na die bankstelsel ✓✓
- (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) Enige (2 x 2) (4)

### 4.3 DATARESPONS

4.3.1 **Identifiseer EEN kernbeleidsinisiatief in die uittreksel hierbo wat deur die Departement van Handel en Nywerheid ontwikkel is.**

- Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk (NNBR)
- Nywerheidsbeleidaksieplan ('IPAP'/NBAP)
- Outomobielproduksie- en Ontwikkelingsprogram ('APDP')
- Kleding- en Tekstiel-mededingendheidsprogram ('CTCP') (1)

4.3.2 **Volgens die uittreksel, wat is die hoofdoelwit van die Departement van Handel en Nywerheid?**

- Groei van die ekonomie ✓
- Verminder werkloosheid ✓
- Verbeter die gelyke verspreiding van ekonomiese aktiwiteit ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die doelwitte van die Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk.**

- Diversifikasie bo en behalwe tradisionele kommoditeite en dienste ✓✓
- Intensifisering van industrialiseringsprosesse en beweging na 'n kennisgedrewe ekonomie ✓✓
- Bevordering van arbeid-absorberende industrialisasie ✓✓
- Verhoogde deelname van histories-benadeelde mense en gemarginaliseerde streke ✓✓
- Dra by tot nywerheidsontwikkeling op die Afrika-kontinent ✓✓
- Verhoog die potensiaal van grootskaalproduksie ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.3.4 **Hoe sou hierdie kernbeleidsinisiatiewe die groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie ondersteun?**

Groei sal ondersteun word deur:

- ontwikkeling van 'n sterk nywerheidsbasis vir die land ✓✓
- verbetering van infrastruktuurontwikkeling wat krities is vir uitgebreide produksie ✓✓
- verbetering van produksiemetodes ✓✓
- verhoging van produksie-gedrewe vaardighede ✓✓
- verhoging van mededingendheid van die ekonomie ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

#### 4.4 **Bespreek kortliks verdeling van inkome (ekonomiese gelykheid) en prysstabiliteit as makro-ekonomiese doelwitte.**

##### Verspreiding van inkomste (ekonomiese gelykheid):

- Progressiewe inkomstebelasting en belasting op winste, rykdom en besteding word gebruik om gratis welsynsdienste te finansier ✓✓
- Bv. onderwys, primêre gesondheidsorg, basiese ekonomiese dienste en betaling van kontanttoelaes aan armes en ander kwesbare persone ✓✓  
(Maks 4)

##### Prysstabiliteit:

- Stabiele pryse lei tot beter resultate ten opsigte van werkskepping en ekonomiese groei ✓✓
- Die SARB-inflasieteiken is 3–6% en was suksesvol om inflasie binne hierdie teiken te hou ✓✓ (aanvaar 'n antwoord wat bo die boonste grens lê)
- Rentekoerse, gebaseer op die repokoers, is die vernaamste instrument gebruik in die bereiking van prysstabiliteit ✓✓
- 'n Stabiele begrotingstekort het 'n stabiliserende effek op die inflasiekoers en op pryse ✓✓  
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite / voorbeelde) (Maks 4) (8)

#### 4.5 **Hoe kan die regering aansporings gebruik om nywerheidsontwikkeling aan te moedig?**

Die owerheid kan nywerheidsontwikkeling aanmoedig deur:

- ontwikkeling van programme wat sal verseker dat behoorlike vaardighede aan die werksmag gegee word en 'n sekere minimum van die bedryfskoste van maatskappye sal dek ✓✓
- verskaffing van besigheids-ondersteuningsprogramme om ondersteuning aan kleinsake-ondernemings en entrepreneurs te verbeter ✓✓
- toelaes beskikbaar te stel aan klein en opkomende besighede ✓✓
- belastingvrye toelaes vir investering in nywerhede te verskaf ✓✓
- verskaffing van buitelandse beleggingsinisiatiewe bv. Strategiese Investeringsprogram ✓✓

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)  
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (Maks 8) (8)

[40]

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN vraag in hierdie afdeling.  
Die antwoord moet soos volg geassesseer word:

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek *uitvoerbevordering* as deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid onder die volgende opskrifte:**
  - **Redes (8)**
  - **Metodes (8)**
  - **Nadele (10)** **(26 punte)**
- **Ontleed die argumente ten gunste van 'n vryhandelsbeleid.** **(10 punte) [40]**

**INLEIDING**

- Uitvoerbevordering behels die verskaffing van aansporings om plaaslike besighede aan te moedig om goedere vir uitvoer te produseer ✓✓
  - As die owerheid aansporings betaal om produksie van goedere aan te moedig wat uitgevoer kan word ✓✓
- (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (Maks 2)

**HOOFDEEL****Redes vir uitvoerbevordering:**

- Die land bereik betekenisvolle ekonomiese groei wat deur uitvoere gelei is ✓✓
- Uitvoerbevordering vergroot die produksiekapasiteit van die land ✓✓
- Uitvoermarkte is baie groter as plaaslike markte ✓✓
- Groter produksie-eenhede skep meer werksgeleenthede ✓✓
- Dit lei tot laer kleinhandelpryse ✓✓ (Maks 8)

**Metodes van uitvoerbevordering:**

- Aansporings: ✓
  - Die owerheid verskaf inligting oor uitvoermarkte om uitvoere te stimuleer ✓✓
  - Ander voorbeelde is navorsing oor nuwe markte, konsessies op vervoerkoste, uitvoerkrediet ✓
- Subsidies: ✓
  - Aansporings wat uitvoerders aanmoedig om die hoeveelheid produksie te verhoog ✓✓
  - Dit sluit direkte en indirekte subsidies in:
    - Direkte subsidies: Kontantbetalings aan uitvoerders ✓✓
    - Indirekte subsidies: Terugbetaling van invoertariewe en algemene belastingkortings ✓✓
- Handelsneutraliteit: ✓
  - Subsidies wat gelyk is in grootte van invoerregte, word betaal ✓✓
  - Neutraliteit kan bereik word deur handelsliberalisering ✓✓

**Nadele van uitvoerbevordering:**

- Die werklike produksiekoste is versteek: ✓
  - Dit verlaag die totale koste deur subsidies en aansporings ✓✓
  - Die werklike produksiekoste word deur die subsidies versteek ✓✓
  - Die produk kan dalk nooit op die opemark meeding nie ✓✓
- Gebrek aan mededinging: ✓
  - Aansporings en subsidies verlaag pryse en dwing mededingers wat volhoubare en winsgewende besighede kan skep uit die mark uit ✓✓
  - Totale potensiele handel word dus verminder met subsidies eerder as daarsonder ✓✓
- Verhoogde tariewe en kwotas: ✓
  - Oorsese lande kan terugslaan met tariewe en selfs kwotas wanneer eenderse goedere plaaslik onder hul werklike produksiekoste verkoop word ✓✓
  - Magtige oorsese besighede kan bekostig om eenderse produkte teen baie laer pryse aan te bied ✓✓
  - In vergelyking met hul produksie, kan die gesubsidieerde besigheid se binnelandse mark so klein wees dat dit die besigheid wat die subsidie ontvang, vernietig ✓✓
- Beskerming van arbeidsintensiewe bedrywe: ✓
  - Ontwikkelde lande handhaaf dikwels hoë vlakke van doeltreffende beskerming vir hul nywerhede wat arbeidsintensiewe goedere produseer waar ontwikkelende lande alreeds 'n vergelykende voordeel het of kan verkry ✓✓
  - Uitvoerbevordering lei tot die beskerming van arbeidsintensiewe nywerhede deur ontwikkelde lande ✓✓

(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)

Maks (26)

**ADDISIONELE DEEL**

- Spesialisasie: Die teorie van vergelykende voordeel toon dat die wêreld se uitset kan verhoog as lande spesialiseer daarin wat hulle relatiewe goed kan produseer ✓✓
  - As lande spesialiseer in die produksie van goedere waar hulle 'n vergelykende voordeel geniet, sal wêreldhandel en verbruik gemaksimeer ✓✓
  - Handel laat ekonomieë van skaal toe om te maksimeer en dus word eenheidskoste verlaag ✓✓
  - Ekonomieë van skaal is 'n bron van vergelykende voordeel ✓✓
  - Vryhandel gee verbruikers die keuse om by die hele wêreld te koop en nie net wat binnelands geproduseer word nie ✓✓
  - Verbruikers se welvaart verhoog omdat sommige verbruikers verkies om ingevoerde goedere eerder as binnelandse goedere te koop ✓✓
  - Keuses word vergroot ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante feit) (Maks 10)

**SLOT**

In die lig van die negatiewe impak van vryhandel is dit krities belangrik om kleiner ontwikkelende ekonomieë te beskerm teen die ongelyke mededinging deur die ontwikkelde ekonomieë ✓✓ (Maks 2)

**[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**

- **Ondersoek die vraagkantbenadering tot groei en ontwikkeling in Suid-Afrika.**  
(26 punte)
- **Evalueer die sukses van 'AsgiSA'/VGGI-SA en Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) as owerheidsinisiatiewe om groei en ontwikkeling te bevorder.**  
(10 punte)

**[40]****INLEIDING**

**Die vraagkantbenadering** beklemtoon die feit dat vir 'n land om groei te ervaar, daar 'n behoefte bestaan om totale vraag te vergroot deur die diskresionêre verandering van die monetêre en fiskale beleide van die land ✓✓

(Enige ander relevante inleiding)

Maks (2)

**HOOFDEEL**

- 'n Vraagkantbenadering behels diskresionêre veranderinge in monetêre en fiskale beleide met die doel om die vlak van totale markvraag te verander ✓✓
- **Monetêre beleid** word gedryf deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB). ✓✓
- Dit streef na stabiele pryse deur die beheer van inflasie ✓✓
- **Fiskale beleid** word gedryf deur die Departement van Finansies ✓✓
- Dit streef daarna om die staat se politiese en ekonomiese doelwitte te fasiliteer ✓✓
- 'n Vraagkantbenadering tot ekonomiese groei en ontwikkeling hang nie net af van fiskale en monetêre beleide nie ✓✓
- Dit is afhanklik van die komponente van totale vraag, dit is Ci, I, X en G ✓✓

1. MONETÊRE BELEID ✓

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) is Suid-Afrika se sentrale bank en formuleer monetêre beleid. ✓✓

Die volgende instrumente word gebruik:

- Rentekoersveranderinge ✓
  - Dit word gebruik om kredietsekkering te beïnvloed deur krediet duurder of goedkoper te maak. ✓✓
  - Die wisselkoers word gestabiliseer deur invloei en uitvloei aan te moedig ✓✓
- Opemarktransaksies ✓
  - Om krediet te beperk, verkoop die SARB sekuriteite ✓✓
  - Wanneer banke die sekuriteite koop, vloei geld na die SARB ✓✓
  - Die banke beskik dan oor minder kontant om uit te leen en kan nie soveel krediet toestaan soos voorheen nie ✓✓
  - Om kredietverlening aan te moedig, koop die SARB sekuriteite ✓✓
  - Geld vloei in die bankstelsel in ✓✓
- Morele oorreding ✓
  - Die SARB konsulteer met banke om verantwoordelik op te tree in die lig van die heersende ekonomiese toestande ✓✓
- Kontantreserwe vereistes ✓
  - Banke word verplig om 'n vasgestelde minimum kontantreserwe by die SARB te hou ✓✓
  - Banke het 'n beperkte hoeveelheid geld beskikbaar vir kredietverlening

## 2. FISKALE BELEID ✓

Suid-Afrika se fiskale beleid kom in werking deur die begrotingsproses ✓✓

Die hoofdoelwit van die fiskale beleid is om makro-ekonomiese groei en ontwikkeling te stimuleer, en om herverdeling van welvaart te verseker ✓✓

Die volgende instrumente word gebruik:

- Progressiewe persoonlike inkomstebelasting ✓
  - Hoër inkomsteverdieners word met hoër belastingkoeerse belas ✓✓
  - Hierdie belastings word aangewend om maatskaplike ontwikkelings te finansier ✓✓
  - Die armes verkry meer voordeel as diegene met hoër inkomste ✓✓
- Welvaartbelastings ✓
  - Heffings (belastings) word op eiendomme geplaas na gelang van hulle markwaardes ✓✓
  - Hereregte word betaal wanneer eiendom gekoop word ✓✓
  - Sekuriteite (aandele en effekte) word met verkoop belas ✓✓
  - Kapitaalwinstbelasting word gehef op wins uit verkoop van kapitale goedere bv. eiendomme en aandele ✓✓
  - Boedelbelasting word gehef op afgestorwenes se boedels ✓✓
  - Hierdie belastings word aangewend om finansiële ontwikkelingsbesteding te finansier wat die armes meer dikwels bevoordeel ✓✓
- Kontantvoordele ✓
  - Ouderdomspensioene, ongeskiktheidstoelaes, kinderondersteuning en werkloosheidsversekering is kontanttoelaes ✓✓
  - Dit is ook bekend as bestaansorgbetalings ✓✓
- Goederevoordele (natura-voordele) ✓
  - Dit sluit in voorsiening van gesondheidsorg, onderwys, skooltes, sekuriteit ✓
  - Wanneer gebruiksooreenkomstige heffing word, betaal die armes of lae inkomsteverdieners minder of niks ✓✓
  - Beperkte hoeveelhede gratis elektrisiteit en water word voorsien ✓✓
- Ander herverspreiding ✓
  - Openbare werkeprogramme, d.w.s. Strategiese Geïntegreerde Projekte (SGP) voorsien werkverskaffingssubsidies en ander kontant en finansiële voordele, soos opleiding, finansiering en uitvoeraansporings ✓✓
- Grondrestitusie en grondherverdeling ✓
  - Grondrestitusie is die teruggee van grond aan diegene wat dit verloor het weens eertydse diskriminerende wette ✓✓
  - Grondherverdeling fokus op grond vir woongebiede (dorp) en produktiewe grond (plaas) vir voorheen benadeelde groepe ✓✓
  - Die fondse vir hierdie projekte word voorsien in die begroting ✓✓
- Eiendomssubsidies ✓
  - Dit help mense om eienaarskap te bekom van vaste residensiële eiendom ✓✓
  - bv. die staat se behuisingssubsidieskema voorsien befondsing aan alle mense wat minder as R3 500 per maand verdien ✓

(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde) Maks (26)

**ADDISIONELE DEEL****'AsgiSA'/VGGI-SA kon:**

- meer werk skep wat tot verhoging in lone en verbruik gelei het ✓✓
- die lewenstandaard/-peil van sekere landsburgers verhoog ✓✓
- werkloosheidsvlakke effens verminder deur die Uitgebreide Openbarewerke-program ('EPWP') ✓✓

**'AsgiSA'/VGGI-SA het probeer om:**

- die ekonomiese groei te verhoog alhoewel Suid-Afrika steeds hoë vlakke van werkloosheid ondervind veral by die jeug ✓✓

**Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) kon:**

- 'n paar swart mense deur die stelsel bemagtig, deur aanstellings in senior posisies beide in die openbare en privaat sektore ✓✓
- baie voorheen benadeelde persone aktief betrek in die ekonomie van die land ✓✓
- geleenthede skep vir jong opkomende entrepreneurs om die sakewêreld te betree ✓✓
- toegang bied tot oop sakegeleenthede in die verskillende sektore van die ekonomie ✓✓

**Swart Ekonomiese Bemagtiging het probeer om:**

- alle Suid-Afrikaners te bevoordeel alhoewel die stelsel misbruik is deur 'n paar mense met korrupsieneigings ✓✓
  - waardevolle hulpbronne eweredig te verdeel, alhoewel nepotisme en wyd verspreide korrupsie tot die vermorsing van waardevolle hulpbronne gelei het ✓✓
- (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (Maks 10)

**SLOT**

Duidelike beleidsriglyne en bestuur kan duidelik afgebakende progressiewe groei en ontwikkeling van lande verbeter ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) (Maks 2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 150**